



Bybelstudie oor die gebed (1)

Jesus het gebid

Gebed, so bely ons in die Kategismus, is die vernaamste deel van die dankbaarheid wat God van ons eis (Sondag 45). Om te bid, is dus vir die gelowiges noodsaaklik -onontbeerlik. Maar omdat ons swakke mense is, weet ons dikwels nie wat ons moet bid nie. Dan, sê Romeine 8:26, tree die Heilige Gees self vir ons in "met onuitspreeklike sugtinge".

Hierdie "intrede" van die Gees sluit onder meer in dat die Gees ons leer wat ons moet bid. En die manier waarop die Gees ons leer, weet ons, is deur die Woord van die Here, die Bybel. Daarom is hierdie kort Bybelstudiereeks van vier afleweringe toegespits op hoe ons in die Bybel geleer word om te bid.

Die Bybel leer ons geweldig baie oor die gebed: oor die *wat* en die *hoe* en die *waarom* van ons gebede. In die Bybel lees ons nie net van gelowiges wat deur die eeue gebed het nie, maar ons vind daarin ook heelwat gebede van gelowiges opgeteken. Die heel beste lering vind ons egter by die Here Jesus self. Toe Hy in hierdie wêreld gekom het, het Hy nie net sy dissipels (en deur hulle ook vir ons) geleer wat om te bid nie, maar was sy lewe 'n voorbeeld van 'n lewe-in-gebed. Daarom begin ons Bybelstudie oor die gebed by niemand anders nie as by Jesus self. Daarna, in die lig van wat ons by Hom geleer het, neem ons die gebede van gelowiges in die Ou en die Nuwe Testament onder oë.

In hierdie aflewering fokus ons dan op die gebede wat Jesus self gebid het. Die gedagte is dat u die Skrifdele wat hieronder aangetoon word, self in die Bybel (verkieslik albei Afrikaanse vertalings, en as u graag wil, ook ander vertalings) nagaan. Daarna kan u u eie gedagtes na aanleiding van die gepaardgaande vraag neerskryf en byderhand hou vir 'n uiteindelijke samevatting.

Die gebede van die Here Jesus

1. Die plek wat gebede in Jesus se lewe ingeneem het

- 1.1 Lees Markus 1:32-39 en Lukas 6:12 en skryf neer wat dit u oor die volgende leer:
 - a. Hoe gereeld het Jesus gebid?
 - b. Hoe het Jesus sy gebedslewe binne 'n vol dagprogram ingepas?
 - c. Waarom het Jesus op eensame plekke gaan bid?
 - d. Skryf neer in watter van bogenoemde opsigte u dink dat ons die Here Jesus in ons persoonlike gebedslewe behoort na te volg.
- 1.2 Lees die onderstaande Skrifdele en teken aan by watter geleentheid die Here Jesus in elke geval gebid het: *Lukas 3:21, 22; Matteus 4:2 (kyk sommer uit vir leesstof oor vas en gebed); Lukas 6:12, 13; Johannes 11:41, 42*
 - a. Watter ooreenstemming is daar van al die geleenthede waarby Jesus gebid het?
 - b. Waarom dink u was dit nodig dat Jesus by hierdie geleenthede bid?

- c. Wat leer hierdie gebede van Jesus ons oor vertroue op die Vader?
- d. Hoe oordeel u, in die lig van bogenoemde, oor 'n sogenaamde "skietgebed"?
- e. Hoe oordeel u, in die lig van bogenoemde, oor die praktyk om vergaderings en ander geleenthede met gebed te open?

- 1.3 Lees Johannes 12:27, Matteus 26:36-46 en Lukas 23:33-49 en skryf neer wat dit u oor die volgende leer:
- a. Wat leer ons uit Jesus se optrede oor gebede in nood?
 - b. Watter gebede het Jesus ook aan die kruis gebid?
 - c. Hoe oordeel u, in die lig van bogenoemde, oor sogenaamde "noodgebede"?

2. **Jesus rig sy gebede tot die Vader**

- 2.1 Lees Johannes 17:1, 12:27, 28 en Matteus 26:39, 6:9 en skryf neer wat dit u oor die volgende leer:
- a. Wie spreek Jesus in sy gebede aan?
 - b. Wie moet ons, volgens Jesus se onderrig, in ons gebede aanspreek?
 - c. Wat is *gebed* dan werklik (in die lig van bogenoemde)?
- 2.2 Lees Deuteronomium 32:6, Psalm 68:6 en Jeremia 31:9, en skryf neer wat dit u oor die volgende leer:
- a. Hoe beskryf God self sy verhouding tot sy Ou-Testamentiese volk in hierdie verse?
 - b. Wat sê hierdie beskrywing oor die aard van die verhouding?
Lees ook Jeremia 3:19 en antwoord daarop die volgende:
 - c) Wat sê hierdie verhouding oor ons verantwoordelikheid jeens God?
(L. W: In die Ou Testament word God slegs 15 keer "Vader" genoem. In die Nuwe Testament meer as 170 keer.)
 - d) Watter verskil dink u het Christus in hierdie opsig gebring?
- 2.3 Lees Markus 14:36 en skryf neer wat dit u oor die volgende leer:
- a) Met watter Aramese naam spreek Jesus sy Vader aan?
As 'n mens in aanmerking neem dat die Aramese woord "Abba " omtrent gelykwaardig is aan ons Afrikaanse woord "Pappa ".
 - b) Wat leer hierdie aanspreekvorm oor die intiemheid van Jesus se gebede?
 - c) Wat leer hierdie aanspreekvorm oor die eerbied van Jesus se gebede?
 - d) Wat leer hierdie aanspreekvorm oor die liefde-volheid van Jesus se gebede?
Lees ook Romeine 8:15 en Galasiërs 4:6:
 - e) Wat leer hierdie Skrifdele ons oor die aanslag van ons eie gebede?

3. **Jesus se voorbidding**

- 3.1 Lees Johannes 17 in geheel en skryf neer wat dit u oor die volgende leer:
- a) Oor watter onderwerp gaan Jesus se gebed in verse 1 tot 8?
 - b) Waarom dink u dat dit gepas is dat Hy hierdie gebed op hierdie manier begin?
 - c) Oor watter onderwerp bid Jesus in verse 9 tot 19?
 - d) Waarom dink u dat dit gepas is dat Hy in hierdie gebed hieroor bid?
 - e) Oor watter onderwerp bid Jesus in verse 20 tot 24?
- 3.2 Waarom dink u dat dit gepas is dat Hy in hierdie gebed hieroor bid?
- a) Waarom dink u word na hierdie gebed van Jesus verwys as sy "hoëpriesterlike

- gebed"?
- b) Watter van die volgende komponente kom in Jesus se hoëpriesterlike gebed voor: aanbidding, danksegging, voorbidding, smeking, verslaggewing, skuldbelydenis, lofprijsing?
 - c) Waarom dink u is hierdie komponente (en net hulle) in Jesus se gebed?

4. Die gebede van die verhoogde Jesus

- 4.1 Lees Romeine 8:34, 1 Timoteus 2:5 en Hebreërs 7:23-28, en skryf neer wat dit u oor die volgende leer:
 - a) Watter taak verrig Jesus vir ons nou na sy hemelvaart aan die regterhand van die Vader?
 - a) Waarom kan Hy hierdie taak vir ons verrig?
 - a) Kan 'n mens dan sê dat Jesus nog steeds na sy hemelvaart bly bid?
- 4.2 Lees Romeine 8:26, 27 en skryf neer wat dit u oor die volgende leer:
 - a) Wie tree saam met Jesus vir ons gebede in?
 - b) Jesus tree vir ons aan die regterhand van God in. Waar tree die Heilige Gees vir ons in?
 - c) In watter opsig tree die Heilige Gees vir ons gebede in?
 - d) Watter troos het ons, in die lig van bogenoemde, ten opsigte van hoe ons gebede voor God se hemeltron dien?

5. Samevatting

- 5.1 In watter opsigte moet ons uit Jesus se gebede lering ontvang vir ons eie gebedslewe? Watter troos vind u in Jesus se gebede?

GJC Jordaan

© by skrywer - 2007
www.christelikebiblioteek.co.za